Conquesta 2008

(Internasionale Meervoudige-keuse Primêre Skool Olimpiades – Gev. 1998)
Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika
Tel: (031) 764-1972 * Faks: (086) 637-7808 of (031) 764-0074
E-Pos adres: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Rekenaargeletterdheid – Graad 7

Welkom by Conquesta se Olimpiade. Ons vertrou dat jy dit baie sal geniet, en baie sal leer, terwyl jy lees en die vrae beantwoord. Nadat jy die inligting en die vrae noukeurig bestudeer het, moet jy 'n keuse maak. Sodra jy besluit het watter antwoord mees korrek is, moet jy die toepaslike blokkie volledig inkleur. Gebruik asseblief 'n 2B of B potlood vir hierdie doel. Indien jou antwoord vir Vraag 4 'c' is, moet die blokkie gemerk 'c' wat teenoor Vraag 4 verskyn, netjies ingekleur word. (Sien onderstaande voorbeeld). Kleur slegs een blokkie per vraag in en maak seker dat foute behoorlik uitgewis word sodat jou antwoord duidelik is.

Voorbeeld:-

4.	a	b	■	d

Kom ons gly

Die Graad 7s moet 'n tema voltooi. Die titel is ***Reuke.*** Hulle gaap mekaar in totale verwarring aan. Die onderwyser verduidelik dat dit 'n kreatiewe projek is wat uit enige hoek benader kan word. Hulle eerste taak is om 'n bietjie navorsing te doen.

In Groep 1 is Dawid en vier ander lede. Dawid, die rekenaarfanatikus, is baie opgewonde. Hy meld dadelik op die Internet aan en begin sy soektog. ⟶

Pas die terme in (a) – (d) by vraag 1–4.

(a) Webwerf (b) Webbediener (c) Webblaaier (d) Webadres

'n **Webwerf** is 'n groep blaaie wat saamgesit is en hulle vertoon inligting oor 'n maatskappy, persoon of enigiets.

Webbedieners is groot rekenaars wat Webwerwe of Webblaaie stoor sodat gebruikers toegang tot hulle kan kry wanneer hulle op die Web aanmeld.

Webblaaiers is sagteware-pakkette wat jou toelaat om op die Wêreldwye Web te gly en die teks en grafika op die bladsy laat sien. Elke Webwerf het 'n **Webadres** nodig sodat jy dit op die Web kan vind.

1. **Watter keuse laat Dawid toe om die Webwerwe en Webblaaie te sien en af te laai?**
2. **Watter keuse toon hierdie inligting: www.mweb.co.za?**
3. **Watter keuse is 'n bladsy wat die inligting wat hy soek, bevat?**
4. **Watter keuse stoor die inligting waarna hy op soek was?**
5. **Watter een van die volgende webwerwe sou die beste keuse vir Dawid wees om op aan te meld?**
   (a) http://www.ehc.com/vbody.asp
   Hierdie kommersiële werf bied 'n les oor die hart, brein en skelet.
   (b) http://k-2standford.edu/
   Hierdie werf is vir die klaskamer bedoel en help met die biologiese en fisiese wetenskappe.
   (c) http:///www.ktca.org/newtons/11/tstesmll.html
   Hierdie werf het inligting oor die sintuigorgane.
   (d) http://www.bartleby.com/107/
   Hierdie werf bied 'n volle teks oor die anatomie van die menslike liggaam.

6. **Dawid kry toegang tot die toepaslike werf en hy vind 'n hiperskakel met die naam *Geskiedenis met 'n reukie.* 'n Hiperskakel is …..** (a) 'n onderstreepte teks of grafika wat jou toegang tot 'n ander bladsy gee.
   (b) 'n bladsy wat met ander hoof-areas van die werf skakel.
   (c) 'n nutsbalk wat jou met ander inligting skakel.
   (d) 'n kieslys wat jou met ander bladsye skakel.

Na die les stem die groep saam dat die inligting wat Dawid gevind het die mees kreatiewe idee was.

Geskiedenis met 'n klankie in 'Word'

In die volgende les word die inligting gekopieer en in 'n Word-dokument geplak. Die onderwyser sê vir hulle dat as daar 'n kopieregvoorwaarde op 'n webwerf vertoon word, moet hulle 'n e-posboodskap aan die webwerf stuur en vir toestemming vra om die inhoud te gebruik. Hierdie webwerf het nie 'n kopieregvoorwaarde nie. Regs is 'n uittreksel van die inligting wat op bladsy een van die Word-dokument gekopieer is. Daar is altesaam vyf bladsye.

Die Grieke van ouds was dol oor suiwerheid en perfeksie. Helde het gewoonlik goed na hul liggame omgesien, maar die belangrikste was die verwydering van onreinheid en sweet van hul liggame. Dit het 'n hele gedoente met baie was en die uitgiet van olies afgegee. Van al ons sintuie vergeet ons gewoonlik ons reuksintuig. Hierdie artikel sal 'n paar feite oor reuk uitsnuffel. Die Grieke van ouds was fanaties oor reuke. Hulle het selfs spoeltoilette gehad.

7. **Wat word dit genoem wanneer iemand inligting sonder toestemming kopieer?**
   (a) Kopiereg-oortreding. (b) Kopieregwet. (c) Kopiereg-voorreg. (d) Kopiereg-voorwaarde.
8. **Hoe is die inligting direk in Word van die webwerf af geplak?**
   (a) Glim inligting ▸ File ▸ Save as ▸ Word-dokument (b) File ▸ Copy ▸ Paste
   (c) Glim inligting ▸ Copy ▸ gaan na Word dokument ▸ Edit ▸ Paste (d) Edit ▸ File ▸ Copy ▸ Save ▸ Word-dokument